Bybel vir Kinders

bied aan

Jona en die Groot Vis

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Jonathan Hay
Aangepas deur: Mary-Anne S.
Vertaal deur: Yvonne Kriel
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Baie jare gelede het 'n man met die naam Jona geleef in die land van Israel.

Een dag het God vir hom gesê om na Ninevé te gaan, die grootste, mees kragtigste stad in die wêreld.

Jona moes al die mense daar buite gaan waarsku dat God weet hoe boos hulle was.

Jona was ongehoorsaam aan God! In plaas van om na Ninevé te gaan het Jona op 'n skip geklim en weg gevaar in die teenoorgestelde rigting, na 'n plek met die naam Tarsis.

Die Here God het 'n sterk wind op die see laat opkom. Daar was 'n groot storm! Die matrose was bang die skip kan breek en sink.



Die storm het erger en erger geword.
Vreesbevange het die matrose gebid vir hulle gode en al die vrag oorboord gegooi om die skip ligter te maak. Maar dit het niks gehelp nie.



Jona was die enigste persoon aan boord wat nie gebid het nie. In plaas daarvan het hy gelê en slaap binne-in die skip. Die skip se kaptein het hom gekry. "Wat doen jy deur te slaap? Staan op! Bid tot jou God! Miskien sal jou God aan ons dink, sodat ons nie vernietig word nie."



Die matrose het gou besluit dat hulle probleem iets te doen het met Jona. Hy het gesê hy hardloop weg van die HERE. Hulle het gevra: "Wat moet ons met jou doen sodat die see kan bedaar?" "Gooi my in die see," het Jona geantwoord. "Want ek weet dis om my ontwil dat hierdie groot storm oor julle gekom het."

Die matrose wou Jona nie oorboord gooi nie. Hulle het geroei om die skip aan land te bring, maar hulle kon nie. Daar was net een ding om te doen!

Na hy gebid het
vir vergifnis
het die
matrose
Jona opgetel
en oor die kant
van die boot gegooi.
Jona het verdwyn
onder die golwe, die
see het stil geword
en die wind het
gaan lê.



Die skielike verandering in die weer het die matrose bang gemaak, banger as wat die storm het. Hulle moes geweet het net God kan dit doen. In vrees en wonder, hulle het die HERE aanbid.



Intussen het die ongehoorsame boodskapper, Jona 'n groot verrassing. Hy het hulpeloos gesink in die dieptes van die see, Jona het geweet niks kon hom red van verdrinking. Hy sou verdrink het, maar God het ander planne gehad.

Die HERE het 'n groot vis gestuur om Jona in te sluk. Die vis was reg op tyd! Een sluk en Jona was uit die see en in die vis se maag. Jona het binne-in die vis gebly vir drie dae. Hy het baie tyd gehad om te dink en te bid.

Drie dae later, het Jona uiteindelik belowe om God gehoorsaam te wees. Dadelik het God met die vis gepraat en hy het Jona op die strand uitgespoeg.



Weereens het God vir Jona gesê het om na Nineve te gaan en God se Woord te verkondig. Hierdie keer het Jona gegaan! Jona het in die stad geskree, "In veertig dae, sal Ninevé verwoes word."

Die mense van Ninevé het God se woord geglo. Hulle het sonder kos gebly en in sak en as gesit om God te wys dat hulle jammer was vir hulle sondes. Selfs die koning het hom verootmoedig voor God. Hy het van sy troon afgeklim en in sak en as gaan sit. Hy het elkeen beveel om te draai van hul verkeerde weë en geweld en om te bid dat die Here



hulle sal vergewe.

God het hulle vergewe! Dit moes 'n wonderlike dag van blydskap in Nineve wees toe die mense besef dat God hulle vergewe het. ... Maar een persoon was baie kwaad. Jona!

Hoekom was Jona kwaad? Hy het aan God gesê, "Ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid." Met ander woorde, Jona het geweet dat God altyd die vergewe wat jammer is oor hulle sondes en gehoorsaam is aan God se Woord. Dit blyk dat Jona nie van die mense van Nineve gehou het nie. Hy wou nie hê God moes hulle vergewe nie.

Jona was so kwaad vir God dat hy sê, "Neem my lewe van my, want die dood is vir my beter as die lewe."

Jona het buite die stad gesit en wag om te sien wat God volgende gaan doen. Die Here God het 'n plant met groot blare laat groei. Dit het vinnig gegroei en die skadu het Jona uit die warm son gehou die hele dag.

Die volgende oggend het God 'n wurm gestuur wat die plant dood gemaak het. Die Here het toe 'n warm sterk wind gestuur wat Jona gewaai het totdat hy gedink het hy sou sterf. Al hierdie dinge het Jona nog kwater gemaak.

Toe sê die Here vir Jona: "Het jy enige reg om kwaad te wees? Jy voel jammer vir die wingerdstok waarvoor jy nie gewerk het en laat groei het nie.

Dit het oornag opgekom en oornag gesterf.

Hoekom moet Ek my
nie ontferm oor Ninevé,
die groot stad, met sy
duisende mense nie?”

Jona en die Groot Vis

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Jona

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16